DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

**28 Februarie 2021**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | 1 Sam 17: 31-34, Psalm 23, Johannes 10: 1-11 |
| **Tema** | In veilige Herdershande het ons oorvloed tot in ewigheid. |
| **Sang** | Psalm 89: 1, 2<br>31: 4, 15<br>20: 1, 7<br>65: 3, 9 |

Jy het dalk ‘n verkeerde idee van ‘n herder met sy skape in die veld waar die gras altyd groen is en daar altyd genoeg water is. Daar is gevaar waar die herder en die skape beweeg. Roofdiere lê op loer om die kudde aan te val. Die duiwel gaan rond soos ‘n brullende leeu. Is daar ‘n leeu of ‘n beer voor jou deur? Is daar sake wat jou emosioneel of fisies uitput? Uit die Skrifgedeeltes is dit duidelik dat Dawid van ‘n jong ouderdom af, alleen op die Here vertrou het. Ons het dit gesing in Ps 20 vers 7.

Aan die hand van die volgende 3 punte verduidelik ek die tema: 1. Dawid as herder versorg. 2. Dawid as profeet sien genade. 3. Die goeie Herder uit Dawid se nageslag gee lewe in oorvloed

Ons leer Dawid ken as die jong seun wat op die slagveld beland en die reus wat God uitgedaag het, met 1 klippie verslaan. Dawid die jongste seun in die huis was die herder wat die trop skape van die familie moes versorg. Israel is ‘n bergagtige droë land met gevaarlike los rotse, klowe en afgronde. Tussen die berge sien jy ‘n trop skape met die herder vooraan. Die herder loop die beste pad en soek in die dor land na goeie water en gras. Die herder moet altyd gereed wees om die trop teen wilde diere te verdedig.

So sê Dawid vir Saul dat hy dit gereeld doen. Leeus, wolwe en bere val die skape aan en hy moet die skape verdedig. Die versorging gebeur dag en nag. Natuurlik is daar ook skaapdiewe wat die trop wil plunder, veral in die donker. 'n Kudde sonder 'n herder se kans op oorlewing is baie skraal. Skape is van die domste en kwesbaarste diere op aarde. Hulle het geen verdediging nie. Sy wapentuig is 'n kierie en 'n slingervel. Die werklikheid lyk baie anders as die prentjie in ons koppe. Mense is feilbaar. In hierdie harde werklikheid kom sê Jesus: Ek is die deur en die goeie herder.

Ons ken almal die wonderlike lied in Psalm 23. Dawid noem homself 'n skaap deur te sê dat die Here sy herder is. Hy wat koning van Israel was, moes as koning die herder wees vir die Godsvolk. Hy val voor versoekings. Sy persoonlike lewe was plek-plek chaoties. Maar hy bly getuig dat die Here hom goed versorg en hom lei op die regte pad en dat hy geen vrees het nie. Dat hy selfs in die aangesig van die dood nie bekommerd is nie, want hy sien 'n feesmaal. Hy sien die plek waar jy oorlaai word met hartlikheid. In die teenwoordigheid van die Here is daar ewige goedheid en liefde. Dawid ontvang die belofte van die Here dat die Messias uit sy nageslag gebore gaan word. Dat hierdie Seun die beloofde Verlosser vir die mensdom sal wees en dat Hy ons sal roep op ons naam. Hy sal werklik die volmaakte Herder wees.

Die goeie Herder bevestig teenoor die Fariseërs dat Hy ons ken en dat ons Sy stem moet ken. Ons ken sy stem deur die Woord. Daar is so baie stemme wat ons name roep. Hy is die gestuurde wat ons na die Vader teruglei. Teen die ander stemme wat ons wegneem van ons Herder, bring Hy ons terug na die Almagtige. Om die stem van die Herder te ken is meer as net kopkennis, dit is hart- en lewenskennis. Dit is om in intieme geloofsverhouding met die Herder te leef. Anders is ons vatbaar vir die leuens van die duiwel en die wêreld. In Joh 10 is die diewe en rowers juis die "kerkmense" van die tyd. Die Fariseërs ontken dat Jesus werklik die Seun van God is. Hulle is slegte herders wat niks vir die skape omgee nie. Hulle gedra hulle soos huurlinge wat teen betaling werk.

Jesus Christus se koms na die wêreld bring ‘n nuwe bedeling. Nie verwoesting en plundering soos die leiers van die tyd nie, maar lewe in oorvloed. Hy is die deur na ‘n lewende verhouding met God. Hy is die ingang na ‘n lewe gevul met vrede en die weg na die ewigheid. Hy is die pad na die lewende God. Hy is die goeie Herder wat sy lewe vir jou gegee het. Hy betaal aan die kruis die prys om die pad na die Vader te open. Daar is steeds menslike roofdiere wat ‘n maklike prooi soek. Jou angstigheid oor persoonlike sake kan ‘n deur wees vir verkeerde gedagtes oor geld en besittings. As jy in die moeilikheid is, probeer jy jou eie planne maak en gryp na strooihalms. Met Jesus se hemelvaart stuur Hy die Heilige Gees om ons by te staan. Om ons harte gerus te stel. Hy ken jou alles. Volg Hom op Sy pad wat versorging, barmhartigheid en ontferming beteken.

Ons kan nie vir onsself sorg nie. Ons dwaal af en verdwaal. Ons is soms hardkoppig en hoor nie die stem van die goeie Herder nie. Ons moet vir mekaar herders wees wat die Here se stem laat hoor. Word weer stil en dank God dat jy die goeie Herder se stem kan hoor, Hom perssonlik kan ken en uit en deur Hom kan leef. Jy is in ewige veilige Herdershande.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons dank die Here vir die goeie uitslae van die matrikulante. Ons is baie dankbaar saam met ouers en grootouers. Seënwense vir julle almal se toekoms. Harde werk is beloon.
* Ons bid saam met Rika Schutte wat steeds behandeling vir kanker ondergaan. Mag die Here jou krag en sterkte wees in die tyd.
* Ons susters was weer aktief in hulle dienswerk in die gemeente en gemeenskap. Marie Seegers was die kontakpersoon met Nestlè. Ons bedank hulle vir ‘n mooi bydrae. Die susters kon 600 pakkies opmaak en aan die personeel van Mediclinic oorhandig. Daar was ook ‘n skenking aan die Diakonie. Ons dank julle vir julle dienswerk.

# KATKISASIE

Kategeet handleiding en werkboeke is nou beskikbaar by die Kerkkantoor vir ouers om die katkisasie tuis te laat gebeur. Ons doen 'n beroep op al ons ouers om die lesse met die kinders deur te gaan, sodat ons met die lesse kan aangaan sodra ons weer in erediens saam mag kom. Daar is genoeg katkisasieboeke vir die kinders en u kan met Nantes reël om dit by die kerkgebou af te haal. Ds Sarel sal met 2020 se belydenisklas kontak maak om te reël vir persoonlike gesprekke, sodra ons die kerkgebou weer mag gebruik.

# FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak, om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

# BYBELSTUDIE 2021

Bybelstudie  sal weer eersdaags begin. Hou asb die Basuin dop vir inligting ten opsigte van die datums.

# AFRIKAANSE BYBEL 2020 VERTALING

Lidmate wat die nuwe Afrikaanse Bybel 2020 vertaling bestel het, kan dit nou by die kerkkantoor kom afhaal.



## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Vroeër was julle die ene duisternis,

maar nou in die Here is julle lig.

Leef dan as mense van die lig.

Uit die lig kom alles voort

wat goed en reg en waar is.

*Efesiërs 5:8 en 9*





# KALENDER



| Verjaarsdae | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 28 Feb | Herman Van Ree | B | 082 672 2511 |
| Ma 1 Mrt | ***Elma Venter**** <br> Anrike Nagel | B<br>D | 082 803 4740<br>073 949 8999 |
| Wo 3 Mrt | Colette Du Plessis | B | 082 751 0796 |
| Do 4 Mrt | Nicolette Howard<br>Nantes Kotze<br>Riëtte Venter | B<br>B<br>B | 015 297 0500<br>081 424 9651<br>079 522 7716 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 6 Maart 2010 | Johann en Anna-Mart Maré | 11 | 082 318 7263<br>081 042 1782 |


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
R 90 101.00
R 185 229.13
JAN
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R 30 000.00
R 25 000.00
R 20 000.00
R 15 000.00
R 10 000.00
R 5 000.00
R -
R 9 420.00
R 25 297.05
JAN
INKOMSTE
UITGAWES

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas**<br><br>**Diakonie**<br><br>**Koningskinders**<br><br>**Geref. Susters Org. Pietersburg**<br><br>**Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word. Hy sal in en uitgaan en weiding kry. 'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.*

*Johannes 10: 9 en 10*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS